

**WOENSDAG 22 APRIL**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 1:4**

### **Uitverkiesing en bemoediging**

Die jong gemeente in Tessalonika wat Paulus op sy tweede sendingreis gestig het, word ernstig bedreig deur die heidene en vyandiggesinde Jode. Paulus self kon net vir drie weke daar werk voordat hy weens vervolging moes vlug. Hierdie brief het hy kort daarna geskryf om die gelowiges daar te bemoedig en aan te vul wat nog aan hulle geloof ontbreek het (3:10).

Paulus begin die brief deur God te dank vir hulle geloof, liefde en hoop waarmee hulle 'n voorbeeld vir al die gelowiges was. Hy is baie bly oor die uitwerking wat die evangelie op hulle het, want dit is vir Hom 'n duidelike bewys dat die Here hulle uitverkies het.

Dit gee vir Paulus die grond waarop hy hulle kan bemoedig. God se uitverkorenes wat Hy in sy liefde uitverkies het, het immers die versekering dat hulle altyd, ook in die moeilikste omstandighede, op Hom kan vertrou. Geen vervolging of stryd, ja niks kan hulle van sy liefde skei nie, aangesien Hy hulle deur Jesus Christus aan Hom verbind het (vgl. Rom. 8:32-39).

Dit was nog altyd die basis waarop die ware kerk van God ook in die grootste beproewing staande kon bly. Op grond van sy ewige raadsbesluit bewaar en vermeerder Hy vandag nog sy duurgekoopte kerk deur sy Woord en Gees.

Daarom kan jy wat in jou lewe die vrugte van die uitverkiesing sien, naamlik geloof, liefde en hoop, ook die toekoms met vertroue tegemoetgaan en met verlange na die dag van finale verlossing uitsien.

*Sing: Psalm 33:6, 10*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*